# KOMMUNIKAMMA 5 DESEMBER 2021


**Kontakpersone, indien jy meer inligting benodig oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za


**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**
**2de Adventsondag**
**Skriflesing:** Matteus 1: 18-25
**Tema:** Genade eerste, Nabyheid tweede, onderhandeling derde
**09:00 Erediens**
https://youtu.be/jUzdtlI1bAE Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.
Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.
**Die deurdankoffer gaan vir Huis Louisa Meyburgh**

**<u>EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU</u>**
Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel. Ons gaan, indien regulasies nie weer verander nie, hierdie jaar een erediens om 09:00 hou.
**Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi. https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.**
**Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.**
**<u>Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.</u>**

**<u>WAT DIE COVID-PANDEMIE NIE KAN STEEL NIE</u>**
Die kort video van Ellenette Meiring word gestoor op die gemeente se Youtube-kanaal. Gaan loer gerus daarna by die volgende skakel (https://youtu.be/9lxcZtTaono ).

**<u>Maandag 6 Desember</u>**
**9:30 Diens met Kersliedere KKU**

**12:45 GEMEENTEBIDUUR**
Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy saam wil bid of 'n gebedsversoek het.

**<u>Dinsdag 7 Desember</u>**
**10:00 en 11:00 Diens met Kersliedere by Stella Londt**

**Voedselhulp aan PE-Noord**
**Neem asb kennis dat dit laaste week in 2021 is wat kospakkies by PE Noord afgelaai sal word. Ons beoog om die week van 10 Januarie weer weg te spring met die projek.**
Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter.

Hul gee ook nou toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.
**Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R 281 720.00 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**
Skenkings kan hierdie week op **Dinsdag by die Willie en Gaynor Swanepoel** (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

**<u>Woensdag 8 Desember</u>**

**KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

**<u>Vrydag 10 Desember</u>**

**05:00 MANNEGROEP**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

**<u>Sondag 12 Desember</u>**

**09:00 EREDIENS**

https://youtu.be/zn8T2RCCXg4 Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.
Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.
(Die deurdankoffer gaan vir Louisa Meyburgh)

**<u>SAKE vir GEBED:</u>**

- Ons is baie lief ver elkeen van ons lidmate. Mag elkeen van julle opnuut bewus wees van God se liefde en genade en dat Hy ons raaksien. Kom ons bid, in besonder tydens die feesseisoen, vir mekaar.
- Vir ons nuwe Burgemeester, Eugene Johnson en haar stadsraad en al die nuwe koalisies wat gevorm is. Ons bid dat die Here hulle werklik sal seën en vir hulle wysheid en integriteit sal gee dat hulle die stad en sy inwoners sal dien en opbou en dat hulle sal volhard om die werk te doen waarvoor hulle aangestel is.
- Vir die mense in George en omgewing wat soveel skade gely het a.g.v. die wolkbreuk wat plaasgevind het. Ons bid dat daar omgesien sal word na elkeen van die slagoffers. Ons harte gaan uit na elkeen.
- Dank die Here vir die reën wat in ons omgewing geval het, maar ons bly laag op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van damme van ons stad en ander droogtegeteisterde gebiede. Ons hulp kom van ons Here en ons pleit dat Hy in Sy almag sal ingryp en vir ons sagte deurdingende reën sal stuur. Ons bid dat al die inwoners die erns van die saak sal besef en daadwerklik pogings sal aanwend om water te bespaar. Mag elkeen van ons bewus wees hoe krities die waternood werklik is. Mag die Here vir ons genadig wees.
- Al ons ouer wordende lidmate wat swaarkry in hierdie vreemde omstandighede, veral in sommige oorde waar die inperking nog baie streng is. Ons bid vir hulle wat eensaam en afhanklik is van ander, dat die Here hulle genadig sal wees en hulle sal ervaar hoe Hy hulle in sy liefde omvou. Mag Hy hulle help om hulle vrese te oorkom, veral rakende die nuwe variant van die Covid virus.
- Ons bid dat almal weer sal volhard en die regulasies rondom die virus, sal handhaaf.
- Almal wat siek is. Ons bid dat hulle genesing sal ervaar. Mag elke lidmaat uitreik na persone wat in hierdie tyd siek is, al is dit net met 'n boodskap of oproep.
- Ons bid vir Gustel Agenbag wat vir 'n operasie gaan.
- Almal wat nog besig is met eksamen, studente en leerlinge asook almal wat reeds op vakansie is of op vakansie gaan.
- Ons bid vir Jan Oberholzer en André de Ruyter en alle toegewyde personeel en hulle gesinne. Ons vra dat regverdigheid sal geskied by Eskom en dat die korrupsie tot 'n einde sal kom.

**There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:**

In die **Noorde van Kameroen** is mense se lewens ontwrig deur Boko Haram - geweld wat oor die grens van Nigerië gestroom het. Baie Christelike gemeenskappe was teikens. Die vlak van intimidasie waarmee hierdie gelowiges te kampe het, is uiters moeilik. Bid vir vrede in die storm.

**<u>VERLOF VAN PERSONEEL</u>**

Niekie is van 16 Desember tot 7 Januarie op verlof.
Ds Toit is van 13-26 Desember op verlof
MG is van 28 Desember tot 16 Januarie op verlof.

Ons versoek almal vriendelik om asseblief in hierdie tyd met die personeellid op diens te kontak en die ander hul welverdiende verlof te laat geniet.

**VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 5 Desember | Bianca Burger |
| 6 Desember | Pieter de Wit, Marie Meyer, Ben Nothnagel, Leandri van Ryneveld |
| 7 Desember | Christian Snyman |
| 8 Desember | Annelise de Vin, Wiaan Hanekom, Doney Laminie, Johanna Olivier en Annalize Strydom |
| 9 Desember | Dawie Hamilton, Kiana Ludwig en Arno van Wyk |
| 10 Desember | Annetjie du Preez, Marijke du Preez, Dalien Erasmus en Dawie Malan |
| 11 Desember | Nico Jooste, Cathma Marx, Judy Nienaber, Jean Viljoen en Theresa Wolmarans |



**KERKRAAD EN DIENSWERKERS VERKIES EN VAKATURES**

Die gemeente het 'n 2 ouderling, 2 diaken en 8 dienswerker vakatures. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb vir Niekie.

**CMR KERSVAKANSIE PROJEK**

Vir baie families gaan die kersvakansie donker en honger wees. As jy 'n bydrae wil maak om die lig van Christus oor hul te laat skyn kan jy 'n finansiële bydrae by CMR, ABSA, Rek no:290230225; Takkode:632005 maak. Bydraes kwalifiseer vir 'n S18A Inkomste Belasting aftrekking. Nie-bederfbare kos kan by die CMR by Mountweg 16, Noordeinde afgelaai word. Vir meer inligting kontak Jackie by tel: 041-484 3554; e-pos: account-cmrpe@webafrica.org.za.

**VIDEO- EN MUSIEKBANDJIES ("TAPES")**

Wil jy graag jou ou video- of musiekbandjies (tapes) oorsit op DVD, CD of Geheuestokkie? Kontak gerus vir Bettie Celliers by 082 495 1901

**TIENDEMAAND DANKOFFER**

Oktober was 10de maand dankoffer maand. Die inkomste van die tiendemaand dankoffer beloop tans R 143 965.00. Die begrote bedrag vir die tiendemaand dankoffer is R240 000. Jy is welkom om steeds, indien die Here vir jou so lei, jou 10de maand dankoffer bydrae te maak.

Ons dank die Here wat voorsien het deur elke lidmaat se dankbare bydrae!

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005